# S.A. span gaan Suidpool se berge aandurf

**VIER lede van die Suid-Afrikaanse span van sestien manne wat einde aanstaande maand na Antarktika vertrek, gaan die hele jaar in die berge, sowat driehonderd myl van die basis deurbring. Dit is die eerste keer dat 'n ekspedisie in die berge sal oorwinter pleks van by die basis.**

Mnr. W. Hodsdon is leier van die berg-ekspedisie. Die drie ander lede is mnre. C. B. Muir, L. G. Wolmarans en A. P. H. Aucamp. Laasgenoemde twee is geoloë. Mnr. Hodsdon is 'n werktuigkundige en mnr. Muir 'n radiobediener.

Mnr. Hodsdon het gister vertel dat hulle buitengewone reëlings tref vir die oorwintering in die berge. Hulle sal temperature van tot -60 grade C moet weerstaan.

Hul tente word in Kanada gemaak en bestaan uit twee lae seile wat met veselglas opgestop is.

Afhangende van die weer kan dit tot twee maande duur om die berge te bereik. Mnr. Hodsdon vertel dat die wind dikwels meer as 120 m.p.u. waai. Sterk winde is die grootste gevaar.

Dit neem so lank om die berge te bereik en om voor die winter terug by die basis te wees dat die manne soms nie kans kry om navorsing te doen nie. Daarom bly hulle aanstaande jaar in die berge om soveel navorsing moontlik te kan doen.

Sterk winde en witsig, hou die grootste gevaar in. Witsig is wanneer die lig so skerp is dat jy niks kan sien nie. Dit is glo net so goed soos pikdonkerte. Geen skaduwee of oppervlak kan onderskei word nie. Die kanse dat die wind jou kan wegwaai, is ook glad nie so skraal nie.

Sonder beskutting soos 'n tent of 'n hut kan 'n mens net 'n paar uur in die berge lewe. Daar was nog niemand in die berge waarheen dié groep manne gaan nie.

Brand is ook 'n groot gevaar. Omdat die lug so droog is, brand alles baie maklik. Mnr. Hodsdon sê dat hulle altyd spaarvoorrade buite hou in geval van brand.

Drie van die sestien manne is getroud. Hulle sal in Maart 1970 na Suid-Afrika terugkeer. Twee van die lede van die vorige ekspedisie wat hou in Antarktika is, mnre. A. P. H. Aucamp en C. A. Spencer, het aansoek gedoen om nog 'n jaar in Antarktika te bly. Dit is toegestaan.



Nege van die sestien spanlede wat op 28 Desember met die R.S.A. na die Antarktika vertrek. Hulle is op die oomblik op Voortrekkerhoogte, waar hulle opleiding ontvang en lesings bygewoon wat gesamentlik deur die departemente van Vervoer en Verdediging gereël is. Hulle is (voor): P. J. König, L. G. Wolmarans, S. Engelbrecht, G. I. Mackie, H. J. Fulton, leier, en W. Hodsdon, leier van die bergekspedisie. (agter): P. R. Sutcliffe, J. B. Kock en A. J. Niemandt.

## Dr. Viljoen vir Newcastle

Verteenwoordigers

DURBAN — Dr. Paul Viljoen, distriksgeneesheer en seun van oud-min. J. J. Viljoen, is aangewys as die Nasionale Party se kandidaat vir die parlementêre tussenverkiesing in die kiesafdeling Newcastle.

Die Verenigde Party se kandidaat is sen. Charles Henderson.

## MOEILIKHEID RY TYDRENJAERS

STAMBOEL

**VERSKEIE deelnemers aan die tydren van 10,000 myl tussen Londen en Sydney wat Sondagmiddag in Londen begin het, het binne die eerste tweeduisend myl noue ontkomings gehad.**

Meer as tien van die 98 spanne het onttrek ná botsings teen 'n perd, vragmotors, brûe en walle of omdat die motor onklaar geraak het.

Nick en Jenny Brittan van Brittanje het verlede nag naby Sivas, Turkye, vinniger as 100 m.p.u. gery toe hul motor teen 'n perd bots. Hul Ford Lotus-

## Ford trek 81,200 in

DETROIT. — Die Ford-maatskappy het 81,200 van sy Ford- en Mercury-modelle vir 1969 ingetrek weens „moontlike foute met die remme wat die remkrag van die voorwiele benadeel".

Motors met kragremme is nie deur die fout aangetas nie.

## Matriek in die bed



